

H O O F S T U K IV.

ADAMSON SE DEFENISIE OF OPVATTING VAN OPVOEDING.

"In this book I have tried to establish the view that in the conception of the adjustment of individual and environment we have a fundamental principle about<sup>1)</sup> which a rational theory of Education can be developed."

Opvoeding is dus vir Adamson 'n saak van aanpassing tussen die mens en sy omgewing. Vir die opvoeder beteken aanpassing egter drie dinge, naamlik 'n individu, sy wêreld(e) en die proses om hulle in betrekking tot mekaar te bring.

Die wêreld van die individuele self, bestaan ook uit drie dele of aspekte, naamlik die natuur, die gemeenskap en die sedelikheid. Die opvoeding van die mens is dus sy aanpassing aan die drie wêrelde van die natuur, die menslike samelewing of kultuur, en die sedelikheid. Aanpassing is egter geen passiewe proses nie, maar 'n daad, handeling of onderneming van die lewende wese, waar én omgewing én lewende wese aan verandering onderhewig is, totdat 'n eenheid tussen mens en omgewing gevorm word. Die aanpassing van die mens aan die wêreld waarin hy lewe vorm 'n noodsaaklike deel van sy algemene opvoeding omdat sy primêre aktiwiteite die omgewing vorm en vervorm totdat dit by hom pas. D.w.s. die mens strewende om in sy aanpassing, die omgewing waarin hy leef, te beheer. Terselfdertyd is die omgewingsinvloede ook gedurig besig om die mens te verander, en hierdie proses is van 'n liggaamlike sowel as van 'n geestelike aard.

Aanpassing kan egter sowel ekstensief as intensief wees: daar is 'n uitbreiding van die ervaring maar ook 'n verdieping daarvan. In die proses van aanpassing is daar 'n dubbele werking tussen individu en omgewing. Die mens neem in maar hy dra ook by. Die omgewing word verander maar dit is ook

---

1) The Individual and the Environment, Inleiding.

die oorsaak van verandering in, of van, die mens. Daar is m.a.w. aktiewe appresiasie en passiewe assimilasië tussen die subjek en die objek.

Hierdie aanpassing tussen die mens en sy drieledige omgewing word op die verskillende terreine van die lewe deur sekere kennisvakke en instellings bewerk. So sal ons aanpassing <sup>aan</sup> tot die natuurorde deur 'n proses van ondersoek bewerkstellig word deur vakke uit die natuur soos natuurkennis, aardrykskunde, streek-aardrykskunde en natuurwetenskap.

Aanpassing aan die gemeenskap of beskawingsorde, sal weer plaasvind deur ontdekking, deur sulke vakke soos geskiedenis, wetenskap en letterkunde. Uiteindelik raak ons dan aangepas tot die sedelike wêreld deur die skepping van 'n skema waar faktore, soos Bybelse geskiedenis; instellings soos die huis, skool en kerk; sedelike voorbeeld en voorligting, elkeen 'n rol speel.

Die sentrale konsepsie is egter, volgens hom, dat die mens nie tot sy hoogste ontwikkeling kan geraak deur ondersoeking of ontdekking nie, maar wel deur skepping.

Aldrie die aanpassingsprosesse, naamlik ondersoeking, ontdekking en skepping, vereis 'n kennende aktiwiteit, want die essensiële kenmerk van alle ervaring is sy dinamiek. Aan die objektiewe en kennende sy van ons aanpassing is die probleem ekstern en intern soos dit bepaal word deur ons aanleg en die kans of geleentheid wat die wêreld bied vir die ontwikkeling van ons innerlike aanleg en neigings. Van die subjektiewe en estetiese kant is die probleem van aanpassing die ontwikkeling van die "instink" van weetgierigheid wat deur middel van vakstudie uitloop op die eg wetenskaplike gees of sentiment.

In die bepaling van die begrip "opvoeding" vind ons dan dat Adamson sy opvoeding voortbou op 'n biologiese grond-

slag waar dit 'n proses van aanpassing tussen mens en omgewing word. Die mens, as hoogste skeppingswese, drieledig van aard, nl. eie-aardig, empiries-dinamies en uniek, pas hom bewustelik aan by sy omgewing wat deur sy drieledige eenheids-aspek van natuur, kultuur en waarde, dinamiese beïnvloeding bewerk.

Laat ons die bewysgronde wat Adamson vir sy opvoedkundige filosofie daarstel, kortliks nagaan na aanleiding van sy drieledige indeling van die menslike omgewing.

(a) Die natuur-orde.

Die bestaansbewussyn van die mens berus op aanbiedings uit die natuur. Mens en feit kom teenoor mekaar te staan en hieruit word ervaring gebore. Dit skep 'n eenheid tussen subjek en objek en in die ontwikkeling van hierdie eenheid ontstaan aanpassing as die begin van opvoeding. Vir die opvoeding is hierdie gedagte van die eenheid van die ego met sy wêreld in ervaring, van fundamentele belang. Hierdie geestelike, nie-fisiese eenheid, subjek en objek in die ervaring, is ons uitgangspunt. "It is the continuity of the self and its physical environment"<sup>2)</sup> In hierdie proses is 'n tweeledige ontwikkelingsstroom werksaam: "An extension at the boundaries or edges of experience<sup>3)</sup> and an increase in cognitive and emotional complexity!" Ervaring word 'n geestesproses tussen die mens en die natuur.

In hierdie proses openbaar die mens nie slegs sy eie aard, wat sy fisiese karaktertrekke, sy temperament en sy geestesneigings betref nie, maar openbaar elkeen ook nog fundamentele uniekheid, wat sy eie patroon in sy aanvoeling van sake knip. "It would be true to say that no two people<sup>4)</sup> have the same cognitive, aesthetic, or conative experience."

---

2) Ibid., bls. 41.

3) Ibid., bls. 41.

4) Ibid., bls. 42.

D.w.s. in ons aanpassing tot die universele, voorsien ons die persoonlike ervaring van 'n eie brandmerk. Dis juis wat die doel van aanpassing beoog: "universal truth with the Hall-mark of individual appropriation"<sup>5)</sup>. Hierdie persoonlike kleur wat elke mens aan sy ervaring heg is dan die noodsaaklike kwaliteit om standardisasie van ons opvoedingswerkzaamheid te voorkom. Die mens is geregtig op die wydste veld van ondersoek - aanpassing tot die universele-, maar die behoud van sy eie individualiteit is 'n erfreg, 'n geboortereg.

In die aanbieding van feite openbaar hy dus 'n dinamiek, 'n eie houding, wat die skool, as formele aanbiedingsbron, moet respekteer en gebruik.

In die aanvangsonderwys word dit dus noodsaaklik om voort te bou op die vorige ervaring van die kind. Die idee van afstand, rigting en verhouding, die kinderwêreld van dinge met sy kenmerke en kwaliteite, sowel as die vorm wat dit aanneem waar oorsaak en gevolg begin te ontluik, moet die grondslag van aanvangsonderwys vorm. Deur aanbieding moet die ervaringsfeite aan die kind voorgelê word sodat sy wese daarin versmelt, want "Adjustment implies the subject going over into being fused with the object. We find ourselves in losing ourselves."<sup>6)</sup> Om hierin te slaag moet die kind sy aanpassing begin deur met dinge in die natuur self te werk. Dele mag nooit 'n doel op sigself word nie, hul sal slegs as vensters dien om die geheel te belig. Daarom sal by die georganiseerde kennis van die natuur, die natuurwetenskap, ook op die stadium slegs aanvullend wees. Die skool sal dus van die natuurwetenskap slegs in soverre gebruik maak as wat dit die natuur as geheel kan verklaar in aanpassing tot hierdie orde. In hierdie proses bly die mens

---

5) Ibid., bls. 43.

6) Ibid., bls. 54.

die pool, en die eenheid wat nagestreef word, is krag en gemeenskap, d.w.s. verstandelike insig gemeng met liefde.

Aanpassing sal geskied deur direkte waarneming wat betekenis verkry het, en die geldende natuurwette handhaaf slegs 'n georganiseerde agtergrond. In hierdie orde sal ons dus op drie dinge afstuur:

1. Wye aanpassing: Ervaring word aan die begin maar oppervlakkig in die lengte en breedte, as 'n geheel of eenheid, ontwikkel, deur middel van natuurkennis, aardrykskunde en streekaardrykskunde.
2. Dieper aanpassing: Die aanbieding van verskynsels neem steeds 'n wyer omvang aan, sodat diepte meer deur verowering as deur aanwassing of aangroeiing kan geskied. Dis die stadium van die natuurwetenskappe. "Science is experience becoming rational." 7)
3. Hierna word wydte en diepte van ervaring verbind om die oppervlakkige eenheid van die aanvangsstadium tot 'n redelike geheel te oriënteer.

Die individu moet deur hierdie stadiums gelei word, as hy tot die natuur aangepas wil raak. "Education ought not to be satisfied with less than this." 8)

(b) Die kultuur-orde.

Die orde het sy oorsprong in die wisselwerking van instinkte, emosies, sentimente en in die dade en gedrag van mense, wat die gevolg en uiting van hierdie impulsiewe magte is. Die stof en samestelling van hierdie wêreld is die vrug van die mens se werke. Dit word deur sy instinkte, intelligensie en sy aspirasies ontwikkel en ontvou.

Dié orde, ".....this addition of a transparent and responsive world of minds to the dead opaqueness of external things" 9) is dus geestelik van aard. Tog is hierdie orde ook objektief, want 'n skool is bv. nie minder werklik as 'n bergreeks nie. Sy geestes aard is net maar meer vlietend as die van die stoflike natuur, en daarom word aanpassing tot die beskawingsorde ook liefs deur 'n proses van ont-

7) Democracy and Education, J. Dewey, bls. 263.

8) The Individual and the Environment, J.E. Adamson, bls. 60.

9) Ibid., bls. 154.

dekking gesien.

Die geestesleer daarvan is egter nie minder pakkend as die van die natuurorde nie. Die mens leef eintlik meer in die kultuur, omdat dit 'n groter invloed op ons ervaring het. Dit is egter ook waar dat hy sy gees van beïnvloeding deur 'n wolk van egoïstiese instinkte en emosies moet stuur om by die mens te kom, en hoe meer die mens deur die gewoonte en sentiment beheer word, hoe minder is die invloed van die natuurorde.

Derhalwe is dit waar dat die stof van die beskawingsorde tot individueele ervaring beperk is. "The social organism lives only within the experience of individuals" <sup>10)</sup> En, hierdie ervaring is aaneenstromend. Skooltradisie bestaan bv. net deur sy lede!

Hoewel hierdie orde uit geestesstof bestaan, leen die kultuurwêreld sig pragtig tot plastisiteit en kapitalisasie. Of die gemeenskap nou geestelik van aard en prestasie, en of dit intellektueel, artisties, sedelik of godsdienstig is, is en bly dit kumulatief van aard.

Die opgegaarde kultuurgoedere word van geslag tot geslag oorgelewer. Hierdie moontlikheid van opgaring bestaan nie in die natuurorde nie. Dis die ryk van geboorte en dood waar die oue en die nuwe steeds tot nuwe vorme verbind word maar die totaal onverander laat bly. In die natuurorde... "We find that inherent dynamic power, the expansive energy, the cumulative returns of spirit"; daar is....."real duration and creative evolution" <sup>11)</sup> Verder is daar op hierdie gebied meer onderlinge wisselwerking. "There is more give and take in adjustment to the social order" <sup>12)</sup> Daar is beïnvloeding en

---

10) Ibid., bls. 154.

11) Ibid., bls. 161.

12) Ibid., bls. 162.

bydrae deur die subjektiewe en die objektiewe. Kultuur en mens dra by en neem in, d.w.s. die mens het die wording van die kulturele en sedelike ordes in sy eie hande - "they are man-made, though they help to make man"<sup>13)</sup>

Tussen die natuur- en kultuur-orde bestaan daar egter gemeenskaplike ooreenkomste, sowel as verskille, wat ook van toepassing is op die aard van aanpassing, want die wette van hierdie ordes "simply leave the fittest to survive!"<sup>14)</sup>

Ten slotte is taal vir die kultuur-orde wat ruimte vir die natuur-orde is, 'n medium. Dit bemiddel omgang, suggestie en kultuurophoping. Daar taal dus noodsaaklik vir die ondersoek van die natuur is, is dit onmisbaar vir die bestaan van die kultuur en verskaf dit die siel en konstitusie van musiek, skilder- en beeldhoukuns en is dit die draer van ons nasionale sentimente.

In die aanpassingsproses tot die kultuurorde moet ons die kultuur-struktuur nie as vanselfsprekend aanvaar nie, maar dit eers ontdek, d.w.s. die politieke, nasionale, ekonomiese en godsdienstige vesels waaruit die orde bestaan sal ons eers moet ondersoek.

In hierdie proses is dit die taak van die skool "to reveal the social world and to stimulate the impulse to social activity!"<sup>15)</sup> In die opsig moet die skool bv. deur 'n vak soos geskiedenis, die sosiale ewolusie vierledig interpreteer:

1. Die kultuur word binne die ervaring van die mens as 'n lewende werklikheid oorgedra en geopenbaar.
2. Kultuurskepping berus op die bydrae van alle mense en dit beïnvloed die lewe en bestemming van almal.
3. Kultuurskepping verg stryd en opoffering.
4. Deur die kultuur is die mens op die weg na vryheid.

---

13) Ibid., bls. 162.

14) Ibid., bls. 104.

15) Ibid., bls. 220.

Dit is derhalwe die taak van 'n skool om so 'n gees te openbaar dat dit 'n fondament vir 'n skoon en gesonde gemeenskapslewe in die lewe van die kind kan lê, waarin hy ook sal leer om waardes reg te waardeer.

In hierdie opsig is spesifieke vak-aanpassing maar net een aspek van lewensaanpassing.

(c) Die Sedelike Orde.

"The supreme task of education is to raise morality so that it becomes the illumination which floods and pervades the whole of life"<sup>16)</sup>

Die mens is alleen sedelik vry as hy deur eie optrede 'n sedelike bestaan verlang. Hierdie vryheid beteken egter nie losbandigheid nie, want dit verplig die mens om die sedelike plig, geluk, die goeie en die perfekte, gedurig deur persoonlike dade, te skep, want indien hy sou nalaat om dit te doen, sou die orde vir hom eenvoudig nie bestaan nie. Die natuur en die kultuur dwing die mens met hul eise sodat hy hul invloed nie kan ontvlug nie. Dog die tere en hoflike sedelike orde sal sigself nie opdring nie. Die sedelike is 'n saak van vrye wilskeuse en aanvaarding. "Each must spin the moral web anew!"<sup>17)</sup>

Waar Adamson dan die hoogste taak van die opvoeding in die daarstelling van 'n sedelike bestaan sien, kom ons outomaties voor die vraag: Hoe kan dit deur die opvoeding bewerkstellig word?

In die eerste plek moet opvoeding die idee van sedelike waarde laat deurstraal. Dit word in aansyn geroep sodra ons 'n doel vrywillig aanvaar omdat dit sedelike waarde het. Indien ons gedagtes, impulse en dade die sedelike deur hindernisse uit die bewussyn sou uitskakel, kan dit slegs deur die

---

16) Ibid., bls. 229.

17) Ibis., bls. 229.



krag van 'n sedelike doel na die oppervlakte teruggebring word. Derhalwe behoort die inhoud van ons teleologiese idee, deur middel van opvoeding, in ons 'n drang te skep om die beste elemente in die self te verwesenlik. Hierdie sedelike orde, wat die mens gedurig moet skep, bestaan uit:

1. Die vorm : "a continuum of consciousness and life held together teleologically by an end or purpose consciously adopted, that is taken up into the self, by volition and thus operating as a final cause."<sup>18)</sup>
2. Die inhoud: (i) 'n ware, (ii) 'n ideale, (iii) 'n redelike en (iv) 'n sosiale self.

Die sedelike bestaan dus uit 'n vrywillig aanvaarde, morele doel deur die ek d.w.s. 'n doel wat verband met die self hou - 'n vorm van self-vinding! Dit is dus nie iets wat van buite op die mens gelê word nie, maar 'n drang wat in die mens, as gevolg van sy aard of manlikheid, bestaan. Of hierdie self-vinding nou tot werklikheid sal kom, hang grootliks van opvoeding af. So moet bv. die redelike oor die luste, en die sosiale oor die egoistiese elemente, in die self, deur opvoeding gelei word om die botoon te voer. Waar die verskillende aspekte van die self die volmaakte nastreef, is dit 'n geval waar die individualiteit sig as 'n deel van die universele geheel aanvoel, en dit geskied vrywillig en teleologies. Die hoogste vorm van die self kom eers in die religieuse tot stand, waar die hele mens tot diensbaarheid ontwikkel en so die volmaakte vryheid beleef.

In hierdie proses word die skeppingswerk van die self ook deur die sedelike invloede van kulturele standaarde ge-<sup>19)</sup> dwing. "The moral order sustains them while they sustain it!" Daarby is die neiging tot die verhewene, deur verbeelding of inspirasie, ook 'n heel natuurlike verskynsel by die nor-

---

18) Ibid., bls. 307.

19) Ibid., bls. 310.

male mens, en deur hierdie drang of trek geniet hy gemeenskaplike ervaring omtrent die verhevene, die universele, wat sy daade beïnvloed en rig. Tot hiertoe het ons bewyse op sedelik-wysgerige gronde gerus. Verder moet ons ook in die skepping van die sedelike 'n plek en funksie aan die denke, die gevoel en die wil toeken. D.w.s. watter rol speel die sielkunde in die skepping van 'n sedelike bestaan?

1. Die denke: Die gedagte dat "kennis deug is" word deur Adamson op die volgende gronde aanvaar: Deur kennis moet ons die doel en die goeie kan ken. Die mens moet 'n kenner van werklike waardes wees. In dié opsig word kennis dus die eerste stap tot die skeppingsproses van die sedelike, want aan die kant van kennis is die sedelike iets wat bekend, besef en verstaan moet word en dit het, soos alle bewuste ervaring, estetiese kwaliteit of waarde.

2. Die wil: "There must be a fiat of the will by which the end is taken up into organic relation with the self and becomes an object to be striven for."<sup>20)</sup>

3. Die gevoel: ".....feeling gives the constraining power!"<sup>21)</sup>

Van die sielkundige oogpunt gesien is die grootste taak van die opvoeder dus om die kennis, gevoel en wil, so in te span, dat dit 'n werkende bydrae sal lewer tot die daargestelling van 'n sedelike voortbestaan, en hiertoe moet die hele self, die mens as geheel, opgevorder word. In die konkrete vorm verg die skepping van 'n sedelike kontinue die samewerking van die drie hoof-faktore van die brein of gees, naamlik kennis, gevoel en wil, en hul gesamentlike invloed op die skeppende daad, is presies wat deur self-vinding bedoel word. Dis 'n geval van kennis, gevoel en wil, maar die meeste hiervan is die kennis.

---

20) Ibid., bls. 319.

21) Ibid., bls. 319.

Die faktore waarvan die skool dus in die aanpassing tot die sedelike orde gebruik sal maak, is etiese standaarde, 'n gesonde skoolgees, leefwyse en ideale, gemeenskaplike geluk, en estetiese smaak, sowel as direkte, sedelike voorligting deur middel van skoolvakke en godsdiens.

Opvoeding is dus vir Adamson 'n saak van lewenslange aanpassing. 'n Drieledige mens moet, as 'n eenheid, tot 'n drievoudige heelal, op so 'n wyse aangepas word, dat hy as kind van die natuur, natuurlik, as produk van die kultuur, beskaaf, en deur dae van eie skepping, sedelik is.

Waar hy hierdie eise aan die opgevoede mens stel, mag ons nie met hom verskil nie. Ons mag meer of minder eis, dog 'n natuurlike, beskaafde en sedelike mens, is 'n regmatige eis aan die opvoeding. As die opvoeding slegs dissiplineer en kennis verskaf, het dit nog maar ten dele afgerig, want die doel van die lewe strek verder as die vorming van ons gedrag en die bemiddeling van die hoeveelheid en die aard van ons kennis. Dis nie 'n saak van hoe en wat ons weet nie, maar wel van wat ons werklik is en waarvoor ons werklik bestem is. Die vraag is of ons kennis en gedrag ons veredel. Dit is wat Adamson aan sy opgevoede mens gun en waardeur hy hom lewenslank laat werk. Of die weg waarlangs hy sy doel wil bereik, en of sy middels opgewasse is vir die eis wat hy daaraan stel, regverdig ten minste eerlike uittoetsing. Of ons, ons verder met sy wêreld- en lewensbeskouing kan vereenselwig, of ons die doel en die bestemming van die mens op aarde sien soos hy dit sien, is vrae waarvoor regmatige meningsverskil mag bestaan.